



Het jy al 'n boks op die vloer gesit en gesien hoe vinnig probeer 'n kat homself daarin pas? 'n Leë boks het oneindige moontlikhede.... Dit kan 'n huis, 'n trein, 'n ruimtetuig, 'n stoof, 'n tafel of 'n perfekte wegkruipplek wees! Absoluut enige iets! Selfs die kat sal met jou saamstem.



'n Boks is 'n baie handige houer om verskillende items in te plaas. Dit is veral nuttig as julle na 'n nuwe huis trek en baie dinge moet inpak. Dan is dit beter om koppies en pierings in een boks te pak en jou speelgoed in 'n ander boks. **Jy gaan ook baie seker moet maak dat die boks die regte grote is.** Anders gaan van jou speelgoed uitval of

Het jy geweet dit is presies wat ons met God doen? Ons probeer om vir God in 'n spesifieke boks te pas. Die boks waarin ons dink Hy die beste gaan pas en waarvan ons die meeste hou.



Het jy geweet God het nie jou raad nodig nie? Ook kan jy nie vir Hom 'n guns bewys sodat Hy verplig is om iets terug te doen nie. Lees gou Romeine 11: 33-38 in jou Bybel.




Die Bybel vertel vir ons dat God elke ster se naam ken. Hy meet die water in die holte van sy hand en met die breedte van sy hand bepaal hy die hemele. Jesaja 40:11.

Hy weet hoeveel hare jy op jou kop het!
Hy ken jou gunsteling kleur.
Hy ken jou hart!
Hy het nie 'n limiet nie.



Neem enige leë boks en gaan hoor by elkeen in die huis wat hulle dink die boks kan wees.

Hy is oneindig en pas nie in 'n boks nie!



Louie Giglio Our God is Indescribable - <https://www.youtube.com/watch?v=aVsQCLyoU3o>

Die Makro-en mikrokosmos: Jy gaan dit op jou klasgroep ontvang. Ds. Carel het dit saamgestel.

My GOD is so Big and so Strong So Mighty: <https://www.youtube.com/watch?v=C986eLNNiOo>

Do Not Worry: <https://www.youtube.com/watch?v=EbbGjx4ZKL8>

Don't Forget to Remember: <https://www.youtube.com/watch?v=fNsoXsyeUE0>



Probeer om vanaand die stêre te tel



Kyk hoe mooi is elke insek se vlerke



Tel die blomme in julle tuin. Ruik aan elkeen